
# 289 Loof, loof die Here!




God van weldade, Skenker van genade,
U, hoog verhewe, U bestraal ons lewe;
ons is gedurig deur u guns omgewe.
Loof, loof die Here!

Hoor ons gebede, dat ons in u vrede
op al ons weë elke dag kan wandel
en altyddeur na u gebooie handel.
Loof, loof die Here!

U is die Here, U is onse Vader,
in Jesus Naam is ons nou hier vergader.
En deur u Gees, kom ons vrymoedig  nader.
Loof, loof die Here!

Paul Gerhardt (1607-76) J. Crüger (1598-1662)